KLIMPROGRAM BKSA WORCESTER APRIL TOT JUNIE 2018

17-18 Mrt **MAALKLOOF, RIVIERSONDEREND**

Ons ontmoet by Stormsvlei restaurant @ 08h00 op Saterdag 17 Maart 2018.
Van hier ry ons sowat 8km op die distriks grondpad tot by 'n twee spoor pad (4x4 nie nodig nie, maar redelike grondvry hoogte is verpligtend). Die area word Meulkloof genoem. Ongeveer 1km verder parkeer ons. (Veilige area) Ons stap 2-3 ure in riviertjie (geen voetpad) tot by ons slaapplek. (Sien foto aangeheg.) Die terrein is nie altyd maklik nie en by een plek klim ons met toue op. Rivierklippe glad. Bring saam: stapstok, hoed, tekkies of stwels vir water, swemklere, en baie belangrik: sonbril. Daar is ook soms bye en mens moet voorbereid wees – diegene allergies vir bysteek moet liefs nie saamgaan nie. Rugsakke moet met plastiek uitgevoer wees, slaapsak in plastieksak en opblaasmatrassie om op rotse te slaap. Slaapplek by lieflike swempoel. Saterdagmiddag se uitstappie is opsioneel om verder die kloof te verken en terug te keer na die slaapplek. Sondagoggend is rustig by die poele en dan terug tot by die voertuie teen ongeveer 13h00.
Koste: R10 stapfooi (lede en nie-lede) en eie vervoer
Skakel asseblief vir Philippe du Preez by 0725994146 om te bespreek

23-25 Mrt **MEIRINGSPLATO/THOMASHUT**

Ons gaan die nuwe liggie op Meiringsplato installeer. Die installasie van die lig vorm deel van die Afdeling se 125-jarige feesvieringe. Dit sal dus vir lede 'n besondere geleentheid wees om dit by te woon. Diegene wat reeds Vrydagaand kan opstap, moet julle vertrektyd aan Tonie of Erika deurgee sodat sy vir die nodige toestemming kan reël. Andersins vertrek ons Saterdag oggend @ 07h00 van die Fairy Glen hek. Dit sal vir ons genoeg tyd (4 ure) gee om die hut te bereik, asem te skep en nie later as 11h00 te vertrek na die plato. Dit neem ongeveer twee en 'n half uur om die plato van die hut te bereik. As ons betyds van die hut stap, behoort ons teen 16h00 terug by die hut te wees. Ons kan dan die aand die liggie van die hut bewonder.
Koste: R10 stapfooi en eie vervoer
Skakel asseblief vir Tonie Roux by 0847744015 of 0217851057 (h)

31 Mrt-1 Apr **DU TOITSKOOF PIEK**

Die piek is redelik lanklaas geklim deur Worcester Afdeling se lede. Hendrik het toestemming gekry om op een van die grondeienaars se plase te oornag (naby Agter Tafelberg Hut), vanwaar die piek geklim word. Parkering is op Fizantekraal, waarvandaan ons ongeveer 4 ure stap tot by die oornagplek. Maak voorsiening vir enige weersomstandigheid – daar is geen skuiling, maar wel water. Permitte word van Cape Nature bekom om die piek-gedeelte te mag stap. Bespreking word bevestig op ontvangs van volle betaling voor 23 Maart 2018.
Stapfooi R10, Permit R40 plus R150 vir parkering op Fizantekraal
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230

2 April **BABILONSTOREN RECCE DAGSTAP**

Ons ontmoet 08h30 by die Plaaskombuis op die Hemel en Aarde pad. Van daar ry ons saam na, en deur Nidderdale plaas. (As mense van Caledon se kant kom, kan hulle by Nidderdale se afdraai wag). Dis nie n ver stap nie, maar baie steil tot bo – belonging is lieflike uitsigte en besondere fynbos. Daar is geen water langs die pad nie. Bring ook asb 'n handsagie vir n denneboompie hier en daar. Ons behoort 16h00 terug by die voertuie te wees.
Stapfooi R10 en eie vervoer
Skakel asseblief vir Heleen du Toit by 0827855068

7-8 April **AGTER TAFELBERG HUT**

Ons jaarlikse stap na een van die Bergklub se eiendomme. Daar is plek vir 12 persone in 'n hut met sekerlik die mooiste uitsig in die omgewing. Daar is matrasse en water. Bespreking word bevestig op ontvangs van volle betaling voor 25 Maart 2018.
Stapfooi R10, Hutfooi R40 vir lede en R60 vir nie-lede, parkering R150 by Fizantekraal en eie vervoer
Skakel asseblief vir JB van Eeden by 0847100139

14 April **ROOIBERG DAGSTAP**

Ons ontmoet 08h00 by Rooiberg bymekaar. Pak ligte ete en drinkgoed. Die roete is ongeveer 12km lank met 2km wat bietjie opdraende is.
Stapfooi R10, Permit R20 plus eie versoek
Skakel asseblief vir Helen van Zyl by 0825627184

21 Apr **MANGAANMYN, DU TOITSKLOOF**

'n Dagstap na die ou mangaanmyn in Du Toitskloof. Geen paadjie – bietjie bosserig, maar nie moeilik nie. Geskik vir laerskool kinders en ouer.
Stapfooi R10 per persoon en eie vervoer
Skakel asseblief vir Bertie Leeuwner by 0835533057

27-29 APRIL **ARANGIESKOP, ROBERTSON**

Moontlike opsie vir diegene wat nie Sutherland toe kan gaan nie. Detail sal gefinaliseer word.
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230

27 APRIL – 1 MEI **MALEISHOEK, SUTHERLAND**

Ons jaarlikse besoek aan 'n besondere stukkie Karoo. Alhoewel daar 'n klein plaashuisie met al die nodige geriewe is, kamp ons onder die bloekombome. Bring alle kos, drinkgoed, kamptoerusting, stoele, drinkwater en koelhou geriewe. 'n 5kg sak charcoal of sak braaihout sal baie welkom wees. Voertuie hoef nie 4x4 te wees nie, maar moet wel 'n ordentlike grondvry hoogte hê. Plek vir ongeveer 12 persone. Kry volledige aanwysings by die sekretaresse.
Stapfooi R10 en eie vervoer.
Skakel asseblief vir David Wootton by 0711965985

5-6 Mei **NATIONAL DINNER**

Die naweek se besonderhede is reeds deurgegee met die uitnodiging na die "National Dinner" wat hierdie jaar deur ons Afdeling aangebied word. Kampplek is beskikbaar @ R100 per persoon per nag. 'n Dagstap word beplan by Dwarsrivier vir Saterdag 5 Mei. Die dinee begin 16h00.
Die sluitingsdatum vir besprekings is 6 April 2018
Epos asseblief vir Erika van Niekerk by erieks@mweb.co.za

12-13 Mei **OOP NAWEEK**

19 Mei **BREEDE RIVER DAY HIKE**

We will meet opposite the old Engen on the N1 at 07h30. From here we depart to the farm of Mark and Sue Fry. We drive up to a point, from where we have about an hour easy walk, followed by rock scrambling up a steep kloof, followed by the final push which is a bit of scramble up a steep scree slope. Time to go up and down again is usually about 5 hours from where we park. Not an easy hike. Directions will be send once you have confirmed you want to come along. Possibility of bring and braai afterwards.
Hiking fee R10 and own transport
Please contact Sue Fry at 0836082306

25-27 Mei **LEEUWENBOSCHFONTEIN FIETSRY EN 4x4**

Leeuwenboschfontein is geleë Oos van die R318, tussen Touwsrivier en Montagu. Daar is kampgeriewe (R90 pppn) en huisvesting (R450 pn – R1800 pn) beskikbaar. Besoek hul webwerf vir meer inligting www.leeuwenboschfontein.co.za. Bespreek huisvesting asseblief direk by Leeuwenboschfontein. Ons ontmoet mekaar Vrydagmiddag by die kampterrein, Saterdag kan die wat wil die 4x4 roete ry of stap (meer inlingting op die webwerf R120 – R240), die ander vat die fietse en ry al teen die Touwsrivier terug kamp toe.
RSVP: 18 Mei 2018
Stapfooi R10, eie kamp/behuisingskoste plus eie vervoer
Skakel asseblief vir Christian Diener by 0844460080 of epos christiand@grapealliance.co.za

26-27 Mei **BOESMANSKLOOF, MCGREGOR**

Twee dagstappe "back to back": parkeer by Die Galg, McGregor kant van die kloof. Stap na Greyton en kamp daar. Let wel: alles moet saamgedra word. Stap Sondag terug na Die Galg. Ongeveer 14km deur pragtige kloof, waterval en matige opdraendes aan die einde van elke dag.
Stapfooi: R10, R40 permitkoste en eie vervoer
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230

2-3 Junie **THOMASHUT WERKSNAWEEK**

Kom help die hut skoonmaak en onderhoud werkies afhandel. 'n Baie lekker geleentheid vir voornemende lede om die Worcester afdeling se eiendom te besoek.
Stapfooi R10 en eie vervoer
Skakel asseblief vir Tonie Roux by 0847744015 of 0217851057 (h)

8-10 Junie **SUTHERLAND PLAASNAWEEK**

Ons hoop vir sneeu – ideale geleentheid om gear uit te toets in koue weersomstandighede. Water en ablusie beskikbaar in nabygeleë plaashuis. Vertrek reeds Vrydag na werk. Verken verskeie paadjies op die plaas. Alles saamneem om selfversorgend te wees.
Stapfooi R10 en eie vervoerreëlings
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230

16 Junie **WINTER SOCIAL**

Ons kuier lekker saam op Nuwerus by Hannes en Erna Rabie. Archie van Biljon het 'n spreker gereël vir die geleentheid: Peter Slingsby. Hy sou by ons jaarvergadering die spreker wees, maar het ongelukkig siek geraak.
RSVP: 11 Junie 2018
Epos asseblief vir Erika van Niekerk by erieks@mweb.co.za

23-24 Junie **SNEEUKOPPIE, RAWSONVILLE**

Ons stap van Louwshoek se kant op in 'n kloof tot by 'n area waar mens kan kamp. Geen geriewe. Hier los ons ons rugsakke en stap met 'n dagsak verder. Matige stap, met kennisname dat die boulders in kloof nat kan wees. Wees voorbereid vir enige weersomstandighede.
Stapfooi R10 en eie vervoerreëlings
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230

29 Jun-3 Jul **MARLOTH ROETE, SWELLENDAM**

Die besprekings het reeds gesluit
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230

MEETS FOR THE THIRD TERM, WHICH NEED TO BE BOOKED BEFORE THEN:-

9-12 Augustus **TRUITJIESKRAAL, SEDERBERGE**

Nuwerust Rest Camp, Cederberg - https://www.cederbergexperience.co.za/ – plenty of hiking trails on the farm, but will include Truitjieskraal near Dwarsriver for a ¾ day outing. Bring some cash for the Oasis Restaurant close by – lekker kuierplek. We leave @ 10h00, 9 August from my house (18 Bergsig Street, Ceres) or make your own way. NB: Book your own chalet (book immediately) or camping site (and please let me know that you have done so) or let me do it for you before 31 May 2018. It may be cold – so make provision for that if camping, like I will.
Hiking fee R10, plus own accommodation and transport
Please contact Claus Riding on 0825544695 of claus@riding.co.za